JAY-EL Bonsmaras

NUUSbrief

NEWSletter

Vol 1.1 Jul 2010

Inligtingsdag – Saterdag, 17 Julie 2010, 11:00 am

Produksieveiling – Donderdag, 29 Julie 2010, 11:00 am

Goeie dag vriende en mede beesboere,

Ontvang hiermee ons eerste amptelike nuusbrief en ons glo u sal dit interessant en insiggewend vind.

Ons hoop dat u tot dusver 'n geseënde boerdery-jaar ervaar het. As beesboere is dit darem verblydend dat die veepryse steeds op sulke hoë vlakke verhandel.

Graag wil ons van die geleentheid gebruik maak om JAY-EL Bonsmaras bekend te stel en ook 'n vriendelike uitnodiging te rig tot ons inligtingsdag en daaropvolgende 1ste produksieveiling.

BUL minus R25 000

Bulle verkoop vir meer as R25 000 kwalifiseer vir 'n trekking waarin een gelukkige koper R25 000 afslag kry op sy bul!

Ontstaan van JAY-EL Bonsmaras

Sewe jaar gelede het ons besluit om ons beesboerdery van Komatipoort in Mpumalanga na Vrede in die Oos-Vrystaat te verskuif. Op daardie stadium het ons met suiwer Afrikaners geboer. Hulle was uiters geskik om die hitte en parasiete van daardie omgewing te trotseer, maar ons het baie vinnig besef dat ander spelreëls in Vrede geld.

Daar is besluit om voortaan met Bonsmaras te boer.

Omdat ons stoetboere was en 'n groot hoeveelheid bulle self nodig gehad het, was dit baie maklik om met stoet Bonsmaras te begin boer.

Ons het besluit dat daar te min tyd was om 'n stoet op te bou uit vroulike diere wat op produksieveilings aangebied was. Dit was nie logies om met B-span diere op gelyke voet te kompeteer met ander stoetboere se A-span diere nie.

Daar was semen van die beste bulle in die land beskikbaar maar op gemiddelde koeie sou jy maar gemiddelde bulle teel. Dus het ons besluit om te fokus op die beste bewese vroulike diere wat beskikbaar was.

3-punt Seleksie wat ons gevolg het:

1. Hoë visuele punt vir koei (en kalf) asook detail BLUP evaluasie
2. Het die koei al 'n top bul/le geteel?
3. Retensie van nageslag in die kudde (manlik en vroulik)

Met die Fortress (BHE) uitverkoping het ons al die bewese koeie geidentifiseer en was gelukkig om almal behalwe drie te koop. Met die Benchmark (HJB) verkoping is dieselfde seleksie strategie gevolg. Al Wesson van Rensburg (RCO) se koeie wat vir sy Brasiliaanse embrio program gebruik was is gekoop. Die top presteerders uit Bokkie van der Merwe (EI) se stoet is ook bekom. Vyftien ou bewese koeie van Lawrence Ralfe (LAR) asook al Arthur de Villiers (AG) se 1993,'94 en '95 koeie is gekoop. Top presteerders van Kit Thompson (FCT), Frans van den Berg (VV) en al Neil Rissik (RGR) se stoetbulle op daardie tyd se moeders is aangekoop.

Hierdie span bewese bulmoeders vorm die grondslag van ons stoet met toegang tot van die beste bulle in die land se saad. K.I. en die spoel van embrios is die roete wat ons gekies het om in die kortste moontlike tyd tot op die hoogste vlak te kon vorder.

Ons Teelfilosofie

Ons kan nie krediet kry vir hierdie top koeie se genetiese potensiaal nie, en salueer die telers wat hulle geteel het, maar ons kan wel krediet vra vir dit wat ons daarmee vermag het. Ons is besig om bewese kombinasies te herhaal bv. Volbroers van AG03-256 en LAR00-084 ens. sowel as 'n klomp nuwe dapper kombinasies van gene wat nie voorheen in die Bonsmara ras beskikbaar was nie.

As bona fide beesboere poog ons om geharde mediumraam diere te teel wat funksioneel produseer en optimaal presteer in enige deel van Suidelike Afrika.

Ons nooi u om te kom kuier en self te besluit:

ONS WAAGMOED IS U GELEENTHEID!!!

JAY-EL Handelsmerk:

JAY-EL handelsmerk 1965

Jan Lourens Snr. het in 1965 hierdie handelsmerk op sy groente gebruik en was tot 1974 in die groentebedryf so bekend vir sy kwaliteit soos ZZ2 tamaties en Lebombo piesangs vandag. Oupa Jan was 'n boer lank voor sy tyd en het al K.I. gedoen in 1959. Die veewagters wou aanvanklik nie glo dat die kalfies wat aangekom het deur K.I. verwek is nie. Nadat die eerste Brahman kruis kalfies aangekom het, het hulle gedink dit was met koedoes gekruis en eers later die res van die storie geglo.

Toe ons vir Oupa Jan vra of ons die handelsmerk kon gebruik was sy antwoord ja, op voorwaarde dat julle nooit 'n bul sal verkoop onder hierdie handelsmerk wat julle nie self bereid is om te gebruik nie. **Dit het ons onderneem en is u waarborg van kwaliteit.**

JAY-EL handelsmerk 2006

Hoekom u die veiling moet bywoon:

Grootste aanbod van embrio geteelde bulle ooit in Suid-Afrika

Grootste aanbod van AG98-338 seuns ooit

Geharde bulle geteel uit bewese bulmoeders

Opgraderingsprojek

'n Grootskaalse opgraderingsprojek is in 2007 van stapel gestuur waartydens oom Arthur de Villiers al ons kommersiële vroulike diere deur inspekteer het. Die Bonsmara stelsel het ons in staat gestel om die goedgekeurde vroulike diere op te neem as hulpstamboekdiere en 'n wyer genepoel te skep waarmee ons 'n positiewe bydrae tot die ras kan lewer.

Dit bied aan ons die geleentheid om nuwe onverwante bloedlyne te skep wat wyer keuses bied en genetiese vooruitgang versnel.

Opsomming van 20 van die 50 bulle wat op die veiling aangebied word

Lot 4 JL07-050

Bespiering, bespiering en nogmaals bespiering! JL07-050 is die vlagskip vir ons eerste produksieveiling. Geteel uit AG98-338 wat verkoop is vir R800 000 in 2006. Sy moeder RCO95-140 is 'n ELITE koei met 'n TKP van 377 oor 8 kalwers en 'n reproduksie indeks van 108. Haar speen indeks staan tans op 103 met agt kalwers suksesvol gespeen. Die uiters vrugbare koei was deel van Dr. Wesson van Rensburg se embrio uitvoer program na Brasilië na sy suksesvolle uitverkoping in 2001.

Ons het die dikgat embrio bul al twee seisoene suksesvol gebruik, die eerste keer direk na sy Fase D toets waarin hy die toppresteerder tussen 43 ander bulletjies was. Die bul is die toonbeeld van die tipe wat ons nastreef om te teel. Behalwe vir uitstaande bespiering het hy ook 'n breë bek, goeie skede en goedgevormde testes.

Sy semen gehalte is uitstekend. Ons het semen getap van JL07-050 op 29 Junie 2010 en met een kolleksie 1073 strooitjies semen gekry. Sy sperm digtheid was 1.11 miljard sperm/1ml!

Hierdie bul is gemik op die stoetteler wat 338 genetieka in sy kudde wil vestig. Ons het baie vertroue in die bul en daarom behou ons 'n saadaandeel van hom. Sulke top bulle kom selde op so 'n jong ouderdom in die mark. 'n Volbroer word ook aangebied nl. Lot 12, JL07-058.

Lot 6 JL07-045

This dark red bull was sired by BHE03-083 which we believe is one the most under-utilised sires in the Bonsmara breed. His dam HJB99-185 is a highly fertile cow with an ICP of 393 over 5 calves and a RI of 100. She was one of our top embryo donors producing 40 embryos from a single flush. This bull has excellent constitution and the proof thereof is that we used him in three breeding seasons before the age of 2.5 years! This great herd sire prospect has great conformation and masculinity.

We collected semen of JL07-045 at the end of June 2010. His semen tested very well with a sperm density of 1.37 billion sperm/1ml! We successfully collected 1048 straws of semen from one ejaculation.

Put him to the females and he will get the job done. We retain a semen share in this bull. A full-brother sells as Lot 39, JL07-038.

Lot 8 JL07-096

Hierdie bul het al as jong kalf die oog gevang. Geteel uit BHE03-083, sekerlik die beste bul wat Fortress ooit geteel het. Sy moeder HJB99-415 het by Benchmark ook 'n stoetbul geteel wat op hulle uitverkopingsveiling verkoop is. Sy was een van die koeie wat vir ons die meeste embrios gegee het. Met 'n TKP van 426 oor 6 kalwers en speen indeks van 108 is dit duidelik dat sy genoeg melk het. JL07-096 het goeie balans, gunstige teelwaardes vir skrotum om enkele uitstaande kenmerke te noem. BHE03-083 genetieka is skaars, hier is dus 'n geleentheid om 'n top kleinseun uit RCO98-037 te bekom. 'n Volbroer word ook aangebied nl. Lot 7, JL07-097.

Lot 10 JL07-049

Another outstanding son of AG98-338 out of our embryo program. His dam IVY94-103 is a cow that adapted very well in the cold Eastern Free State at the age of 12 years. She is still in the herd with an ICP of 425 of over 11 calves. IVY cows are famous for their functional efficiency and feminine characteristics. Have a good look at this bull; this combination represents the best of both worlds. This potential herd sire boasts great conformation, broad muzzle and a smooth coat. JL07-049 performed very well in his Phase D test with all his indices well over 100. A full-brother sells as Lot 3, JL07-046. We retain a semen share in this bull.

Besoek — Visit

www.jay-el.co.za

Lot 12 JL07-058

'n Volbroer van Lot 4 geteel uit AG98-338 en aan moederskant RCO95-140. Sy moeder is 'n ELITE koei met 'n TKP van 377 oor 8 kalwers en 'n reproduksie indeks van 108. Haar speen indeks staan tans op 103 met agt kalwers suksesvol gespeen. Die uiters vrugbare koei was deel van Dr. Wesson van Rensburg se embrio uitvoer program na Brasilië na sy suksesvolle uitverkoping in 2001. Die bul het besonderse bespiering gekombineerd met 'n sterk toplyn en goeie breedte van voor tot agter. Sy skede is kort met goedgevormde testes. Ons behou 'n saad aandeel van die bul.

Lot 14 JL07-074

A dark red bull with good muscling out of AG96-059. We flushed his dam LAR97-205 and were fortunate to get four calves from one flush. His mother is a powerful cow with an ICP of 396 over 8 calves and a reproduction index of 105. JL07-074 is full-brother to the well-known LAR00-084 sold by Benchmark in 2006 to Dawid Visser of the now dispersed Vaalbos Stud near Vryburg. Here is an opportunity to invest in a proven bloodline, the only difference being that this bull is still young. There is however no guarantee that he will breed as well as LAR00-084, but the exciting fact is that he might even breed better. He has outstanding breeding values with 11 being above breed average.

BULL less R25 000

Bulls sold for more than R25 000 qualify for a draw in which one lucky buyer will get R25 000 off his bull!

Lot 16 JL07-016

JL07-016 is die enigste seun van RCO01-162 wat aangebied word. Ons het sy vaar gekoop op Benchmark se uitverkopingsveiling en hy was sekerlik een van die dikste bulle met besonderse lengte wat ons die afgelope vier jaar teëgekom het. BHE96-093, die moer van JL07-016 is 'n LNR Superieur toekenning koei met 'n TKP van 368 oor 9 kalwers en 'n reproduksie indeks van 114. JL07-016 is 'n bul met kenmerkende indicus eienskappe en kan aanbeveel word vir telers wat goedgevestige groei in hul kuddes het. Met 'n geboortegewig van 35kg en teelwaardes van -0.60 (Geboorte Direk), -0.87 (Geboorte Maternaal) behoort hy veilig te wees om verse te open.

Lot 18 JL07-011

Genetically one of the most exciting bulls on sale. This line-bred AG96-059 bull is bred out of MMJ01-054 and Fortress cow BHE02-032. His dam boasts an ICP of 344 over 4 calves with a reproduction index of 112. As an embryo donor she gave us our best flush results ever realising seven calves from this particular flush. These bloodlines (Grandsire GB N 4) combine well with AG98-338 and his progeny. This dark red bull has great breeding values and we would recommend he

be used on cows only. This bull hails from a family with tremendous growth reflected in his ADG index of 112. These genes are sought after and as mentioned should complement the AG98-338 bloodlines positively. 13 Breeding values are above breed average. We retain a semen share in this bull.

Lot 20 JL07-061

'n Seun van AG98-338 met breedte en goed definieerde bespiering. Let gerus op die bul se hoefkwaliteit. Sy moer RGR97-133 is geteel uit VV90-300 wat fantasties geteel het vir Neil Rissik van Redgate Bonsmaras. Sy was 'n sterk koei met 'n pragtige wigvorm en perfekte uier. JL07-061 het uitsonderlike teelwaardes, almal behalwe drie hoër as die rasgemiddeld. Die bul se geboorte waardes is egter nie gunstig vir gebruik op verse nie. Die bul kan goed doen in kuddes waar groei 'n probleem is.

SB Voorvoegsel ?

Ons het aanvanklik twee stoeterye geregistreer, een as JAY-EL en die ander as Kommandospruit met voorvoegsel **SB**. As gevolg van oneindige verwarring t.o.v van nommers ens. het ons besluit om al die diere vanuit een stoet nl. JAY-EL te bestuur.

Lot 22 SB07-029

This bull with his striking indicus characteristics is a son of LAR01-176. His dam AG00-118 was purchased as a pregnant cow from Arthur de Villiers. His dam is a very productive cow with an ICP of 370 over 6 calves and a RI of 106. SB07-029 is a lengthy bull with a length:height ratio of 1:19. His sheath and testes are very correct.

Lot 23 JL07-569

Hierdie B-bul het seker van die beste teelwaardes en prestasie indeks syfers van al die bulle op aanbod. 11 van sy teelwaardes is beter as die rasgemiddeld.

Hy is 'n seun van VV04-152, wie se moeder BG00-058, een van Frans van den Berg van Reivilo se beste koeie is. Die bul het baie goed ontwikkel van jongs af en sy syfers inaggenome kan hy 'n groot impak maak in enige kommersiële kudde.

Lot 25 JL07-217

This appendix B bull is definitely one of the better bulls on the sale. JL07-217 is a son of the renowned RCO98-037. This bull is a prime example of the type of animal that RCO98-037 breeds.

He shows good muscling, length and balance. With so many positive attributes there is really not much to discriminate. There are few B-bulls of this quality that go on sale, make sure to have a good look at this promising bull.

Lot 28 JL07-197

Hierdie B-bul toon besonderse breedte regdeur. Sy breë bek met swart neusspieël is opvallend. Die dik bul het baie diepte en is ‘n seun van VV04-152, ‘n bul wat ons gekoop het van Op-die-Aarde Bonsmaras in 2006. JL07-197 is ‘n voorbeeld van die tipe bulle wat ons besig is om te teel in ons opgraderingsprogram.

Lot 30 SB07-073

Hier is ‘n AG98-338 seun met harde bespiering! SB07-073 is ‘n mediumraam bul met donker pigment, let gerus op sy neusspieël en kloue wat ook swart gepigmenteer is. Sy moer AG94-161 is ‘n baie funksionele koei met ‘n TKP van 416 oor 12 kalwers en ‘n reproduksie indeks van 105. Die bul kan goed aangewend word by koeie grootraam koeie en word nie aanbeveel vir gebruik op verse nie.

Lot 32 JL07-453

This bull is proof that AG98-338 sons breed! His sire AB05-111, a son of AG98-338 bred by Fortress Bonsmaras’ Antares stud was sold to Dr. Joggie Briedenhann of Namibia. He has excellent muscling, broad muzzle and good depth. This appendix B bull will breed great weaners with good conformation and ample beef in the right places!

Lot 34 JL07-268

Another son of AG98-338. His dam JL03-470 has an excellent calving record and has conceived with every artificial insemination over a 3-year period with an ICP of 356 over 3 calves and wean index of 106. This dark red B-bull is masculine with good developed and well-formed testes; his figures confirm this statement; scrotum circumference of 372 mm as a young bull and a BLUP figure of 15.4.

We believe that this bull will do well as he has good libido and the necessary traits to make him a strong and competent bull in any commercial breeding herd.

Lot 36 SB07-064

Dit is duidelik dat AG98-338 konstant bogemiddelde seuns teel. SB07-064 is ‘n op en wakker bul met ‘n manlike kop. Die bul het ‘n gemaklike gang wat ‘n groot pluspunt is veral waar diere lang afstande moet

aflê. Die bul het goeie penskapasiteit wat hom in staat stel om groot volumes gras effektief te kan verteer. Alhoewel sy Blupwaarde vir skrotum slegs + 0.2 is, het sy testes redelik groot gemeet na Fase D, nl. 351 mm. Sy testes is goedgevorm en sy skede is baie aanvaarbaar.

Lot 38 JL07-227

JL07-227 is a medium framed son of the well-known RCO98-037. He is an appendix B bull out of a very fertile cow that has a 100% conception record in her first A.I. cycle with an ICP of 370. She is a cow with alot of milk weaning heavy calves with an average wean index of 104. JL07-227 weaned 277kg at the age of seven months with a good index of 109.

Lot 41 MMJ01-054

Hier is ‘n bewese bul wat teel! Met sy baie akkurate syfers en reputasie kan die bul met vrymoedigheid aanbeveel word. Ons het genoeg semen van MMJ01-054 en voel dat hy afgesien van sy ouderdom steeds ‘n postiewe bydrae tot enige stoetery kan lewer. Goeie bewese seuns van AG96-059 is vandag uiters skaars. Sy moeder MMJ96-345 is geteel uit MMJ Bonsmaras se beste moederlyne. MMJ03-164 wat baie goed teel by Dr. Joggie Briedenhann van Namibië se moeder is immers ‘n dogter van sy moer MMJ96-345. Ons het MMJ01-054 gebruik in ons K.I. en embrio programme met baie bevredigende resultate.

Lot 45 MMJ04-067

We purchased this son of HJL96-168 from Dr. Wynand Basson. This bull has great length with complementing breadth. Have a look at his figures; if you want to breed heavy weaner calves then he is the one. Please note that he is not suitable for use on heifers. We sell this bull because we feel that we have enough progeny and semen for future use. He is a larger framed bull and farming in a harsh sourveld region we have to be careful not to overuse larger framed bulls for too long.

Vroulike diere op aanbod:

Ons bied 60 uitgesoekte oop Bonsmara-tipe verse aan. Die verse kom almal uit ons kommersiële kudde en kan met vrymoedigheid aanbeveel word vir enige beesboer. Hier is dan ook ‘n gulde geleentheid vir enige aspirant teler wat met Bonsmaras wil begin boer om met goeie teelmateriaal te begin.

Die verse is van puik gehalte en kan aangebied word vir Basis keuring om opgeneem te word in die Bonsmara stelsel.

Inligtingsdag

Ons bied ons eerste inligtingsdag aan op die plaas Fraaiuitzicht, Vrede om 11:00. Dit sal voornemende kopers en belangstellendes die geleentheid bied om die bulle en vroulike diere op aanbod van nader te beskou.

Op die dag sal ons ‘n paar insiggewende sprekers hê wat relevante onderwerpe sal bespreek. Van die bulle sal dan ook in detail bespreek word.

Kom kuier gerus saam met ons en geniet die dag op **Saterdag 17 Julie 2010**.

ALGEMEEN

Siektevrye status

Al die bulle en verse op aanbod was onderwerp aan 'n omvattende entingsprogram soos voorgeskryf deur ons veearts.

Die diere is geënt teen spons-, milt- en lamsiekte asook knopvelsiekte. Multimin Se + Cu is ook toegedien. Die diere loop op rooiwater en galsiekteveld.

Al die diere het **NEGATIEF** getoets vir TB en BM.

Die bulle is almal 3 keer **NEGATIEF** getoets vir Trichomoniase en Vibrio en ondersoek vir enige defekte aan die teelorgane. Al die bulle het ook vrugbaarheidstoetse ondergaan.

Die betrokke sertfikate sal die dag met die veiling beskikbaar wees.

Vervoer

Vervoer sal gesubsideer word vir die eerste 200 kilometer. U word egter aangeraai om die diere "in-transito" te verseker.

Versekering en finansiering

Versekering sal die dag van die veiling beskikbaar wees.

Skakel gerus met ons Afslaers BKBLouwid vir meer inligting rakende versekering en finansiering opsies.

BKBLouwid Frankfort

TEL: (058) 813 1071
FAX: (058) 813 2317
EMAIL: bkblouwid@bkblouwid.co.za

Akkomodasie

Ons beveel graag die volgende gastehuise in en naby Vrede aan:

Bloureën Gastehuis
Gerna van Heyningen
Tel: (058) 913 3097
Sel: (082) 414 7407
(akk. 4 persone)

Ouhout B&B
Wilna van Heyningen
Tel: (058) 913 2998
Sel: (072) 719 7472
(akk. 8 persone)

Welgevonden B&B
Estelle du Toit
Tel: (058) 913 1624
Sel: (082) 417 3087
(akk. 12 persone)

De Oude Pastorie
Mientjie Geyser
Tel: (058) 913 1081
Sel: (082) 329 0239
(akk. 5 persone)

Fraaiuitsig Plaas Gastehuis
Ina Scholtz
Tel: (058) 913 1862
Sel: (082) 967 1801
(akk. 8 persone)

Indien u enige verdere inligting verlang rakende verblyf kontak asseblief vir Mia Lourens op (072) 101 5687.

Roete na veiling

Vanaf Vrede: Ry op die R543 (hernoem S15) vir 15 kilometer, draai links in by naambord Fraaiuitzicht.

Vanaf Volksrust: Ry op die R543 (hernoem S15) vir 67 kilometer, draai regs in by naambord Fraaiuitzicht.

GPS Köordinate/Coordinates:

S27˚ 24.381’

E29˚ 18.655’

Katalogusse

Catalogues

Indien u ‘n katalogus verlang ***SMS die woord katalogus*** met u e-pos- of posadres na (072) 101 5687.

Katalogusse is ook beskikbaar op die volgende webtuistes:

www.jay-el.co.za of www.bonsmara.co.za

Catalogues are available from our office on request. ***SMS the word catalogue*** together with you e-mail or postal address to (072) 101 5687.

Catalogues are also available on the following websites:

www.jay-el.co.za or www.bonsmara.co.za

Kontak besonderhede

Contact details

Jan Lourens +27 (0) 82 786 4908

Ian Lourens +27 (0) 83 252 7155

Mia Lourens +27 (0) 72 101 5687

Neville Mylie +27 (0) 82 977 2930

e-mail: jay-el@zippnorth.co.za

Afslaer – Auctioneer

Mike Killassy +27 (0) 82 378 8112

BORGE

Ons wil graag ons borge bedank vir hulle bydrae en professionele diens die afgelope jaar.

Standard Bank

Saamstaan Voere

Eerste embrio kalf - 2007



JAY-EL groete,

Ian en Jan Lourens